# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Maandag 1 Desember 1980 — WINDHOEK — Monday 1 December 1980 — No. 4334

INHOUD:

**PROKLAMASIE:**

No. 31 Tsumeb: Wysiging en Herbepaling van Munisipale Grense

**ALGEMENE KENNISGEWINGS:**

No. 42 Munisipaliteit van Omaruru: Bedrag van die Belasting op die Aanhou van Honde

No. 43 Munisipaliteit van Mariental: Bedrag van die Belasting op die Aanhou van Honde

No. 44 Munisipaliteit van Gobabis: Bedrag van die Belasting op die Aanhou van Honde

No. 45 Munisipaliteit van Outjo: Bedrag van die Belasting op die Aanhou van Honde

No. 46 Munisipaliteit van Tsumeb: Verkiesingsuitgawes

ADVERTENSIES:

CONTENTS:

**PROCLAMATION:**

No. 31 Tsumeb: Alteration and Redefinition of Municipal Boundaries

**GENERAL NOTICES:**

No. 42 Municipality of Omaruru: Amount of Tax on the Keeping of Dogs

No. 43 Municipality of Mariental: Amount of Tax on the Keeping of Dogs

No. 44 Municipality of Gobabis: Amount of Tax on the Keeping of Dogs

No. 45 Municipality of Outjo: Amount of Tax on the Keeping of Dogs

No. 46 Municipality of Tsumeb: Electoral Expenses

ADVERTISEMENTS:

## PROKLAMASIE

van die

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE BLANKES

No. 31 van 1980

### TSUMEB: WYSIGING EN HERBEPALING VAN MUNISIPALE GRENSE

Kragtens artikel 7(1) (b) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) wysig en herbepaal die Uitvoerende Komitee van die Blankes hierby die grense van die Munisipaliteit van Tsumeb soos in die Bylae uiteengesit.

## PROCLAMATION

by the

EXECUTIVE COMMITTEE OF THE WHITES

No. 31 of 1980

### TSUMEB: ALTERATION AND REDEFINITION OF MUNICIPAL BOUNDARIES

Under section 7(1) (b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), the Executive Committee of the Whites hereby alters and redefines the boundaries of the Municipality of Tsumeb as set out in the Schedule.

(b) Vir die eerste of die tweede reun of gesnyde teef.............................. R 5,00

(c) Vir die derde en elke daaropvolgende reun of gesnyde teef ................ R 8,00

(b) For the first or the second male dog or spayed bitch ..................... R 5,00

(c) For the third and every subsequent male dog or spayed bitch.................................................. R 8,00

---

(No. 44 van 1980)

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS BEDRAG VAN DIE BELASTING OP DIE AANHOU VAN HONDE

Kragtens artikel 3(6) van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967), soos gewysig word hierby bekend gemaak dat die Raad van die Munisipaliteit van Gobabis die toepaslike bedrag in die Bylae vermeld kragtens artikel 3(1) van die genoemde Ordonnansie bepaal het as die bedrag van die belasting wat die Raad van genoemde Munisipaliteit ingevolge artikel 2 van genoemde Ordonnansie op die aanhou van enige hond binne die Munisipale gebied Gobabis opgelê het met ingang van 1 Januarie 1981.

J. A. VAN DER MERWE
*Stadsklerk*

BYLAE

1. Vir elke ongesnyde teef ............................ R8,00

2. Vir elke reun en elke gesnyde teef............. R5,00

(No. 44 of 1980)

MUNICIPALITY OF GOBABIS: AMOUNT OF TAX ON THE KEEPING OF DOGS

Under section 3(6) of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967), as amended, it is hereby made known that the council of the Municipality of Gobabis under section 3(1) of the said Ordinance determined the appropriate amount mentioned in the schedule as the tax which the council of the said Municipality has imposed in accordance with section 2 of the said Ordinance on the keeping of any dog within the Municipal area of Gobabis with effect from 1 January 1981.

J. A. VAN DER MERWE
*Town Clerk*

SCHEDULE

1. For every unspayed bitch .......................... R8,00

2. For every dog other than an unspayed bitch ........................................ R5,00

---

(No. 45 van 1980)

MUNISIPALITEIT VAN OUTJO: BEDRAG VAN DIE BELASTING OP DIE AANHOU VAN HONDE

Kragtens artikel 3(6) van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967), soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Raad van die Munisipaliteit van Outjo die toepaslike bedrag in die Bylae vermeld kragtens artikel 3(1) van die genoemde Ordonnansie bepaal het as die bedrag van die belasting wat die Raad van genoemde Munisipaliteit ingevolge artikel 2 van genoemde Ordonnansie op die aanhou van enige hond binne die Munisipale gebied Outjo gelê het met ingang van 1 Januarie 1981.

I. G. LEMMER
*Stadsklerk*

BYLAE

(a) Vir elke ongesnyde teef .......................... R10,00

(No. 45 of 1980)

MUNICIPALITY OF OUTJO: AMOUNT OF TAX ON THE KEEPING OF DOGS

Under section 3(6) of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967) as amended, it is hereby made known that the Council of the Municipality of Outjo under section 3(1) of the said Ordinance determined the appropriate amount mentioned in the schedule as the tax which the council of the said Municipality has imposed in accordance with section 2 of the said Ordinance on the keeping of any dog within the Municipal area of Outjo with effect from 1 January 1981.

I. G. LEMMER
*Town Clerk*

SCHEDULE

(a) For every unspayed bitch ...................... R10,00

(b) Vir die eerste of die tweede reun of gesnyde teef .................................... R 5,00

(c) Vir die derde en elke daaropvolgende reun of gesnyde teef...................... R 8,00

(b) For the first or the second male dog or spayed bitch .................................... R 5,00

(c) For the third and every subsequent male dog or spayed bitch ....................... R 8,00

(No. 46 van 1980)

MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB

VERKIESINGSUITGAWES

Die volgende opgawe van verkiesingsuitgawe, gerangskik in volgorde van subhoofde genoem in artikel 81 van die Munisipale Ordonnansie 1963 is deur die onderstaande kandidate ingedien ten opsigte van die Munisipale verkiesing gehou op 30 September 1980.

1. ARANGIES: JOHANNES HERMANUS
(a) — (k) : Nul

2. GEVERS: RAINER
(a) — (k): Nul

O. J. BRITZ
*Stadsklerk*

Munisipale Kantore
Posbus 275
TSUMEB
9000

31 Oktober 1980

(No. 46 of 1980)

MUNICIPALITY OF TSUMEB

ELECTORAL EXPENCES

The following returns of electoral expences arranged in the order of the sub-headings enumerated under section 81 of the Municipal Ordinance 1963 were submitted by the under-mentioned candidates at the Municipal election held on 30 September 1980.

1. ARANGIES: JOHANNES HERMANUS
(a) — (k): Nil

2. GEVERS: RAINER
(a)` (k): Nil

O. J. BRITZ
*Town Clerk*

Municipal Offices
P.O. Box 275
TSUMEB
9000

31 October 1980

# Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant,* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant,* al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

# Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 35 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R3,25 |

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscripbers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R3,25 |

## KENNISGEWING VAN VERVREEMDING VAN BESIGHEID

Neem kennis dat Christian George du Toit van Posbus 1217, Swakopmund as eienaar van die besigheid bekend as Swakop Self Service, handeldrywend as sulks te Kaiser Wilhelmstraat, Swakopmund, hiermee in terme van Artikel 34(i) van Wet 24 van 1936 kennis gee van sy voorneme om die gesegde besigheid en alle handelslisensies wat daarmee gepaard gaan te vervreem aan Jurgen F. Hoffmann en dat daar na verloop van 14 dae by die Lisensiehof van Swakopmund aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die voormelde handelslisensies.

J. F. HOFFMANN

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat by 'n Spesiale Sitting van die handelslisensiehof wat gehou sal word by die kantoor van die HEREROSAKE KOMMISSARIS te OKAKARARA veertien (14) dae na verskyning van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by oordrag van die Algemene Handelaars lisensie gehou deur STEPHANUS KATJIVENA aan LUTHER KATJIVENA wie besigheid sal doen op dieselfde perseel onder die naam KATJIVENA KAFEE.

VAN DER WESTHUIZEN & GREEFF
Posbus 47
OTJIWARONGO

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na veertien (14) dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Karasburg, vir die oordrag van die Algemene Handelaar- en Patente, Medisyne en Eiendomsgeneesmiddelslisensies gehou deur KARASBURG HANDELSHUIS (EDMS) BPK wat handel dryf as ARIAMSVLEI HANDELSHUIS te Ariamsvlei, Distrik Karasburg, aan CAREL IZAK BURGER, NICOLAAS ALBERTUS SMIT en JAN HARMSE ESTERHUYSEN, wat te dieselfde adres onder dieselfde naam besigheid sal doen.

DATEER TE KARASBURG OP HIERDIE 10DE DAG VAN NOVEMBER 1980.

RISSIK & COX
Prokureurs vir Applikant
10 de Laan
Posbus 8
KARASBURG
9000

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

Kennis word hiermee gegee dat veertien(14) dae na publikasie van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Windhoek vir die oordrag van die lisensie vir Tabak en Minerale Water (verseëlde houers) wat gehou word deur WESTELIKE PROVINSIE KELDERS aan J. H. COETZEE wie besigheid sal dryf onder die handelsnaam van COETZEE STRAAT KELDERS vir sy eie rekening te Erf Nr. 1284, Pionierspark, Windhoek.

GETEKEN TE WINDHOEK OP HIERDIE 6DE DAG VAN NOVEMBER 1980

POWELL & SWARTZ
Prokureurs,
Ou Unitedgebou,
Posbus 20,
WINDHOEK
9000

## IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Suidwes-Afrika Afdeling)

In die saak tussen:—

BARCLAYS-NASIONALE BANK BEPERK — Eiser

en

ALMERO SWANEPOEL — Verweerder

## KENNISGEWING

Geliewe kennis te neem dat veertien dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof Otjiwarongo, vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie (Beperk tot Haarkappers) gehou deur MARYNA SWART te Erf Nr. 28, Otjiwarongo wie handel dryf as SALON JOY, aan UTE KRAUTHAMMER wie op dieselfde perseel, onder dieselfde naam en styl sal handel dryf vir haar eie rekening.

DATEER TE OTJIWARONGO OP HIERDIE 12DE DAG VAN NOVEMBER 1980.

A. DAVIDS & KIE,
Prokureurs vir Applikant,
Posbus 11,
OTJIWARONGO
9000

## KENNISGEWING VAN GEREGTELIKE VERKOPING

In uitvoering van die Vonnis van bogemelde Hof gedateer te WINDHOEK op 22 FEBRUARIE 1980 in bogemelde saak, sal 'n geregtelike verkoping van die ondergenoemde eiendom plaasvind te die genoemde perseel te HENTIESBAAI op SATERDAG, 20 DESEMBER 1980 om 11:00 uur in die voormiddag:—

Die voorwaardes van verkope sal deur die ADJUNK-BALJU ten tye van die verkoping voorgelees word. Die voorwaardes mag ook by die ADJUNK-BALJU te SWAKOPMUND se kantoor besigtig word, asook die kantore van die ondergetekendes:—

SEKERE: Erf Nommer 556, HENTIESBAAI DORP (Uitbreiding Nommer 2);
GELEË In die Buitestedelike Gebied van HENTIESBAAI;

GROOT: 801 Vierkantmeter.

REGISTRASIE AFDELING "G";

GETEKEN TE WINDHOEK OP HEDE DIE 24STE DAG VAN OKTOBER 1980.

(GET.) P. G. VAN DER MERWE,
STERN & BARNARD,
Prokureurs vir die eiser,
Capital Sentrum 801,
Stuebelstraat,
Posbus 452,
WINDHOEK
9000

## MUNISIPALITEIT TSUMEB

## KENNISGEWING NR. 16/1980

## UITSTAANDE BELASTINGS

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie (Ordonnansie 13 van 1963) dat vir die ondergenoemde onbesette eiendomme vir 'n tydperk van vyfjaar geen betalings vir eiendomsbelasting ontvang is nie.

'n Beroep word op die geregistreerde eienaars van die eiendomme gedoen om die agterstallige belastings saam met die rente daarop binne drie maande na die datum van die laaste publikasie hiervan te betaal.

Die eiendomme sal by wanbetaling per openbare veiling verkoop word.

| EIENAAR | ERF NR.: |
|---|---|
| C.A. Pires | 728 (Uitb. 4) |
| U. Pawell | 767 (Uitb. 4) |
| U. Pawell | 847 (Uitb. 4) |

O. J. BRITZ
*Stadsklerk*

Munisipale Kantore
Posbus 275
Telefoon 3056
TSUMEB
9000

---

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van WINDHOEK gehou te WINDHOEK vir die oordrag van die mineralewater lisensie tans gehou deur CAPE AND SWA INVESTMENT CO (PTY) LTD wie handel dryf as SOLLY KRAMER'S BOTTLE STORE op Erf 285, Kaiserstraat, WINDHOEK aan PHILIPPUS BRINK COETZER wie voortaan op dieselfde perseel, vir sy eie rekening handel sal dryf onder die naam en styl EXOTIC LIQUORS.

(Get) R. OLIVIER
Prokureurs vir Applikant
R. OLIVIER & KIE
Atlantisgebou
Moltkestraat
Posbus 2198
WINDHOEK
9000

---

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa